

25 Augustus

Jona 1:10-16

Deur 'n storm tot skulderkenning

Deur die storm bring die Here Jona tot die erkenning van sy sondeskuld. Na 'n versoek van die matrose moes Jona voor hulle sy ongehoorsaamheid bely (vers 8). Jona het hulle alles vertel, want volgens vers 10 het die matrose gehoor dat hy van die Here af wegvlug. Jona het dus met 'n openhartige skuldbelydenis gekom. Jona gaan egter verder en erken ook sy skuld in vers 12. In vers 12 erken hy ook dat God se straf vir hom regverdig is. Dit is 'n teken van ware berou en skulderkenning as jy God se straf aanvaar. Sommige Christene erken hulle sondeskuld, maar kla dat God se straf te groot is. Met so 'n klagte sê hulle eintlik: Ek verdien beter, want my sondes is nie so erg nie. Met die woorde "Vat my en gooi my in die see" aanvaar Jona die gevolge van sy daad. Hy buig volkome voor God neer en gee hom in God se hande oor.

Jona het sy skuld bely en tog het die storm net erger geword. Hoekom? Omdat God Jona van sy ongehoorsaamheid wil bekeer en daarom laat Hy Jona die verskriklike gevolge van sy sonde beleef – al die angs en spanning van die storm. God mag dit doen. Waar die sondaar sy rug op God draai, sal God hom voorkeer deur hom die gevolge van sy sonde te laat beleef. Die pad van versoening met God is nie maar net 'n vinnige kortpad van skuldbelydenis en alles is weer reg nie. God kan die sondaar ook die gevolge van sy sonde laat voel, want Hy wil die sondaar weer leer om te buig en hom leer wat genade is. Die matrose se gebed en offer tot die Here kan nie gesien word as 'n uitdrukking van hulle ware geloof in die Here nie, maar slegs dat hulle sy bestaan erken as een van baie gode wat hulle nou in hulle nood kan help.

Sing Psalm 51:3

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)